

'N LEWE VAN SEËN

Deel 3 – Die Krag van Sagmoedigheid

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Watter eienskappe dink jy is nodig om vorentoe te gaan in die korporatiewe wêreld? Hoekom dink jy is hierdie eienskappe nodig? Hoe verskil dit van die eienskappe gelys as die *Vrug van die Gees* in Galasiërs 5:22-23?

Hoe reageer jy gewoonlik teenoor kritiek van mense oor jouself, jou mense of oor dinge wat vir jou belangrik is? Is jy iemand wat meer terugtrek of aanvallig raak in so 'n situasie? Verduidelik.

Kan jy dink aan 'n konflik-geleentheid waar jy nie met sagmoedigheid teenoor jou baas of 'n persoon in outoriteit oor jou gepraat het nie? Hoe het dit uitgespeel? Wat het jy in daardie situasie geleer?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Lees Titus 3:2 in verskillende vertalings. Let op woorde soos “*altyd*” en “*almal*”. Wat staan vir jou uit van hierdie vers? Hoe getrou dink jy is jy in die uitvoer hiervan?

Wat dink jy is die gevolge indien ons gehoorsaam is aan bogenoemde? Wat is die gevolge as ons ongehoorsaam is?

Efesiërs 4:1-2. Dink jy soms aan hierdie eienskappe as swak? Hoekom dink jy is dit vir God so belangrik dat ons hierdie tipe lewe leef?

1 Timoteus 6:11. Watter van hierdie ses eienskappe, waarnatoe ons moet streef, dink jy is die sterkste in jou lewe, en watter dink jy kan verbeter? Hoe dink jy doen 'n mens dit?

2 Timoteus 2:24-25. Dink jy daar is een van hierdie vyf dinge wat Paulus noem waarvoor ons nie krag nodig het nie? Watter een sal die meeste krag in jou lewe neem om reg te kry?

Matteus 11:28-29. Wat dink jy van die konneksie wat in die preek gemaak is tussen die hoeveelheid druk en geen rus/vrede wat jy beleef, en die hoeveelheid sagmoedigheid wat jy al by Jesus geleer het?

Kolossense 3:12. Watter uitwerking dink jy het ons begrip van ons identiteit in Jesus, en ons uitleef van God se beginsels vir sy kinders? Met ander woorde dink jy as jy verstaan wie jy in Christus is, jy makliker die beginsels van God sal kan uitleef? Verduidelik.

In die preek is 4 voordele van sagmoedigheid genoem waarvan die Bybel praat: 1) *Dit ontlont konflik;* 2) *Dit ontwapen kritici;* 3) *Dit dien as 'n getuienis vir ongelowiges;* en 4) *Dit maak my soos Jesus.* Watter een benodig jy die meeste op hierdie stadium in jou lewe? Hoe kan jy dit hierdie week in jou lewe toepas? Verduidelik.

In die preek is 5 oefeninge gegee wat jy hierdie week kan implementeer om sagmoedigheid te beoefen. Watter oefening wil jy probeer toepas? Hoe gaan jy dit doen? Hoe kan jou groep jou daarin help?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waarvoor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.